

Sondag 17 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 2:11-20

Fokusgedeelte: Nehemia 2:18, 20

“Here, herbou tog die kerk ... ten spyte van die vyande se spotstem”

Bid en werk, het ons gister gelees, is die opdrag en voorbeeld wat die Here vir ons gee in die bou van sy kerk. Sal dit ons voorspoed verseker? Nee, al het Nehemia die nodige toestemming van die koning, saam met briewe en hulp, het daar gou teenstand gekom. Sanballat en Tobija, asook hulle families wat in Jerusalem woon, het hulle uitgelag en dopgehou. In die stilte van die aand moes hy die mure inspekteer. Die Jode se moede-loosheid oor die vorige mislukking (Esra 4) was nog daar. Boonop het Tobija homself voorgegee as 'n man met goeie bedoelings, maar het agteraf planne beraam om hom te laat val (Neh. 6).

Ons ken dit in die kerk van die Here. Mense wat altyd negatiewe kommentaar gee. Van binne en buite die kerk kom stemme wat ons wil dwing om saam met die tydsgees te gaan. Menseregte, veranderende tye, sielkunde, navorsing, mense se behoeftes en giere moet bepalend wees, nie God se Woord nie. Die Here roep ons egter om in biddende ge-hoorsaamheid te bou.

Hoe oortuig Nehemia dan die volk om weer te bou? Hy wys eers vir hulle die ellende: “Julle sien self die benarde toestand waarin ons sit ...” Dan kom die oproep: “Kom ons herbou ...” Hoekom? Want die Here se goeie hand is met hulle. Hy getuig oor wat die Here vir hom gedoen het, en die volk begin bou! Sien ons nog raak wat die Here vir ons doen?

Wanneer die spotstem keer op keer kom, bly Nehemia van die Here goedheid getuig: “Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons doen. Ons, sy dienaars, gaan bou.” Daar lê ons troos, in ons bouwerk, in Wie God is, in wie se diens ons staan.

Sien raak as die Here vir jou die gebreekte mure in jou lewe wys. Dalk in jou geloof, in jou gesin, in jou verhoudings of in die gemeente. En begin dan bou. Biddend en gehoor-saam, met die besef Wie God is. Ja, die spotstemme sal opklink, teëspoed gaan kom. Maar onthou, God bou ons op as sy kerk deur sy Woord en Gees. Daarom sal ons slaag, tot eer van sy Naam.

Sing: Psalm 91-1:1

Ds. PR (Retief) Gouws (Pietersburg)